**AKADEMIA**
AD FUTURUM PER FONTES

# *Koordirigent*

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het 'n pos vir 'n koordirigent in die Studentesake-afdeling beskikbaar. Die pos sal in Centurion gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

Die posbekleër is verantwoordelik vir die musikale leiding, kultuur en organisasie van die koor. Akademia se koor is 'n spogvoorbeeld van wie en wat Akademia is en die posbekleër is verantwoordelik daarvoor om die koor volgens Akademia se bestaansrede, visie en die strategiese doelstellings wat daaruit voortspruit te bestuur.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- die musikale leiding van Akademia se koor wat die kies en aanleer van 'n repertoire, in lyn met Akademia se waardes, insluit
- die beplanning, organisering en bestuur van die koor se jaarprogram en die reël van gepaste geleenthede en optredes vir die koor
- kooroudisies en die kies van die koorlede
- bestuur van oefensessies
- nou samewerking met die koorbestuur
- verseker 'n gebalanseerde en gesonde koorkultuur wat Akademia se vormingsideaal onderskryf

## POSVEREISTES

- 'n toepaslike akademiese kwalifikasie – BMus of BA (Musiek) (NKR-vlak 7)
- toepaslike ondervinding in 'n hoëronderwyskultuur (voordelig)
- drie jaar relevante ervaring in die veld

## VAARDIGHEDE

- goeie musikale aanvoeling
- sterk leierskapseienskappe en 'n liefde daarvoor om met studente te werk
- goeie kommunikasie en administratiewe vaardighede
- vermoë om jongmense te motiveer en te ontwikkel

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 19 November 2025 ingedien word. Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.